trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 23 OKTOBER 2016

OGGEND 09:00

Vertel jou storie

Teks: Ps. 107
Oorsig:
Ons het nie sommer in ons kerk 'n kultuur om oor die Here se werk in ons lewens te getuig nie. Die ou mense het mos gesê jy moet nie dweep nie. Heeltyd oor God praat nie. Oor die algemeen is meeste mense maar versigtig. Jy voel dalk nie jy het sulke groot goeters nie. Of jy is te privaat. Die storie is te sensitief. Of jy dink die mense gaan dink jy stel jouself nou lekker aan om so oor jouself te praat. Ons leer vanoggend hieroor uit Psalm 107.

AAND 18:00

Welkom aan ds. Willem Steyn van GK Potch-Die Bult wat die aandgeleentheid lei.

Wat is die een ding wat staan tussen jou en Jesus?

Teks: Markus 10:17-31
Waarom sal 'n goeie Leermeester soos Jesus verwag dat 'n goeie gehoorsame jongman al sy besittings moet verkoop? Is dit nie bietjie erg nie? Kom kyk vanaand saam na die ontmoeting tussen Jesus en die ryk jongman soos dit vir ons vertel word in Markus 10:17-31.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Vandag
Verjaarsdagtee
Diakonievergadering 16:30
Ouderlingvergadering 19:00

Dinsdag, 25 Oktober
Bybelstudie 18:30
(Stinkhoutsingel 18)

Bybelstudie 19:00

Woensdag, 26 Oktober
Bybelstudie 09:15

Vrydag 28 - Sondag 30 Oktober
Mannekamp

SONDAGAANDE: 4DE KWARTAAL	
Datum	**Geleentheid**
23 Okt.	Toerustingsgeleentheid
30 Okt.	Hervormingsfees, GK Verg.
6 Nov.	FOKUStyd
13 Nov.	FOKUStyd
20 Okt.	FOKUStyd
27 Nov.	Nagmaal 19:00
4 Des.	Geen aandbyeenkoms

2 Familie

LIEF EN LEED
Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Hennie Kruger (☎0721243155) is nog baie swak na sy hospitalisasie. Hennie en Rennie wil ook graag almal bedank vir oproepe, gebede en meelewing.
- Daniël van Helden (Maureen ☎0823922093) het die afgelope week 'n klein operasie ondergaan.
- Tina J v Vuuren (☎0837881810) sterk tuis aan na haar rugoperasie.
- Tina Odendaal (☎0790140103) het die afgelope week 'n galblaasoperasie in Emf. Medi-Clinic ondergaan.
- Lina Setecki (☎0823352675) is in Verg. Medi-Clinic opgeneem vir toetse.
- Elsa Prinsloo (☎0794778699) is in Vaalpark hospitaal opgeneem met bronchitis en ook vir skildkliertoetse.
- By Faan Coetzee (☎0829243284) is na vele ondersoeke bevind dat sy rugmurg hoog op vasgedruk word en gevolglik is albei sy bene verlam.
- Barbara Snyman (☎0736304696) het die afgelope tyd 'n liesbreukoperasie ondergaan. Sy sterk tuis aan.
- Sterkte aan al die matrieks met die eindeksamen.

JONET VD WESTHUIZEN SKRYWE:
Ons seuntjie het Donderdag 6 Oktober in die huis gehardloop en oor die spaarkamer se drumpel gestruikel. Hy val toe langs die deur af en die deurhandvatsel steek onder sy ogie in! As gevolg van die impak het die handvatsel afgebreek, maar binne in sy gesiggie gesteek en daar bly sit. Ongeveer 5 cm lank! Net die feit dat hy dit oorleef het, is

'n wonderwerk! Maar dis nie al nie... Die handvatsel het GEEN skade aangerig nie. Dit het millimeters van die brein af gestop, die ogie self en al die oogspiere gemis! Die probleem was nou om dit uit te haal... Dr. JD Verwey het hom eerste gesien in Cormed-kliniek. Dr. Coetzee, 'n oogspesialis, was "toevallig" ook daar. Glad nie toeval nie – deur God gestuur. Hulle het 'n CT-scan gedoen en besluit om hom eerder te stuur na die beste van die beste. Hy is per ambulans na Clinton Hospitaal in Alberton geneem en daar opgeneem in Pediatriese Intensiewe Sorg. Daar is hy ingewag deur Dr. Van der Meulen, 'n neurochirurg en Dr. Linda Doedens, Kritiekesorg-pediater. Na deeglike ondersoeke is daar besluit om die handvatsel in die Cathlab in Union hospitaal uit te haal omdat die risiko van bloeding so groot was. As hy sou begin bloei het, sou hulle nie die bloeding kon stop nie. Die probleem was dat ons moes wag tot Saterdag, 8 Oktober, vir al die reëlings om getref te word en dit het die risiko van infeksie weer verhoog. En raai wat? Daar was geen infeksie nie. Sy gesiggie het nie eers geswel nie! Wonderwerk op wonderwerk! Saterdag, na baie spanning en ongelooflik baie gebede, is die handvatsel toe verwyder sonder ENIGE bloeding! Geen skade en geen komplikasies. Dank aan God wat dit moontlik gemaak het! Wonderwerk! God het al hierdie spesialiste bymekaar gebring en geseën. Dr. Webo vd Meulen, neuroloog, Dr. Tony Dos Ramos, oogspesialis, Dr. Hennessy, narkotiseur, Prof. Mngomezulu van die vaskulêre radiologie in Cathlab , Dr. Y Ismael, maksillêre gesig-spesialis. Thank you all! Julle was tops! Dr. Van der Meulen se woorde: "ons kon nie vir beter gevra het nie, dis ongelooflik! Dankie aan al die familie en vriende en kollegas se ondersteuning en duisende gebede! En natuurlik ons Hemelse Vader. Nog nooit het ek so geëerd gevoel om deel te wees van sy meesterplan nie. Hy het ons gebruik om vir almal te wys wonderwerke gebeur en Hy is by ons ALTYD! Alle eer aan God want sonder Hom sou ons nie vandag nog ons pragtige seuntjie by ons gehad het nie. Hy is ons man van staal wat my geleer het om net te glo en te vertrou. Jesus hou hom in die palm van sy hand en woon in sy hartjie! Dankie Jesus! Jonet van der Westhuizen ☎0823439130.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

23/10	Erno Nel	☎0825538104
23/10	Herman vd Elst	☎0832341225
24/10	Elsa Prinsloo	☎0794778699
24/10	Jan vd Westhuizen	☎0844890144
26/10	Francine Louw	☎0824178226
26/10	Alta Muller	☎0723587714
26/10	Harry van Rooy	☎0828782338
28/10	Chantelle Hitge	☎0786252438
29/10	Neels Campher	☎0824379977
29/10	Jannie Nel	☎0828541693
29/10	Thys Pieters	☎0827017500
29/10	Hannelie van Wyk	☎0827007013

SPESIALE VERJAARSDAE

Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

26 Okt.	Floris en Bokkie Coetzee ☎0843906426	48 jaar

SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)

Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.

BYBELSTUDIES
Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18.
Dinsdae om 19:00. Carterstraat 16.
Woensdae om 09:15 by die kerk.

NUWE BYBELSTUDIEGROEP
Dinsdagaande om 18:30 by Stinkhoutsingel 18. Ons is tans besig met Efesiërs. Enige belangstellendes is baie welkom. Kontak Christa ☎0798779882.

ATTESTATE/BEWYSE
Word afgekondig.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy huisbesoek wil ontvang deur 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

NUWE LIDMATE
Die diakonie is tans aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

LENTETEE, 27 OKTOBER 2016
Die Gasvryheid-diensgroep gons en beplan aan 'n heerlike kuieroggend vir al ons lidmate van 70 jaar en ouer. Elsabé Muller van die kerkkantoor behartig die uitnodigings namens ons. Ons kan nie wag om saam te kuier nie! *(Indien jy nog nie gekontak is oor die Lentetee nie, is vanoggend die laaste geleentheid om jou naam op die lys by die geel aansteekbord te skryf.)*

VERJAARSDAGTEE
Vanaf 2016 vier ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae. *Vanoggend word almal wat in Oktober, November en Desember verjaar se verjaarsdae gevier.*
Groete: Gasvryheid-diensgroep

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
Gerrit van Wyk, Fanie vd Merwe

DIAKENS AAN DIENS
Christa Snyman

KOSTER AAN DIENS
Elsa Prinsloo

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
23/10 – Sustentasie
30/10 – Dankbaarheidsfonds

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS
Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, ☎0828111990, vir

inligting. (*Preektekste sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees).*

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎0711063978.

GEHOORAPPARATE
Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

VANAF DIE FINANSIESPAN
Die span is deeglik bewus dat lidmate seker wil wees dat hulle oorbetalings reg hanteer sal word. Ons kan nou die versekering gee en met u deel hoe die rekeninge saam gegroepeer word.
Alle maandelikse bydraes word in die volgende rekening inbetaal:
Bank: ABSA
Tjekrekeningnommer: **530340449**
Alle gelde vir projekte word in dieselfde rekening inbetaal met verwysing na die projek (hieronder in vet gedruk):

Projekte:
Uitbreidingsfonds: Kerkraad se spesiale spaarplan, 10% van bydraes bo begroting.
Dankbaarheidsfonds: Spesiale aksie in Oktober 2016 tot Desember 2016.
Gasvryheidsfonds: Fondse vir die gasvryheid-diensgroep.
Projektor: Projektor in die kerk en klanktoerusting.
Familieprojek: Plek waar gemeente gemaklik kan sit en gesels.
Groeipyne: Algemene stoorruimte.
Springkasteel: Inkomste uit verhuring.
Chris Buys fonds: Trustgelde waarvan rente gebruik word om leerlinge te help.
Studiebeurs: Trustgelde waarvan die rente gebruik word om eie predikante op te lei.

OKTOBER DANKOFFER
Liewe Trinitas,
Ons is baie dankbaar vir dit waarmee die Here in ons midde besig is! Dit is werklik opwindend om saam geloofsgroei in die Evangelie te ervaar en te smaak dat die Here inderdaad goed is!
Op allerlei terreine is ons besig om reeds nuwe dinge aan te pak maar ook om nodige grondwerk te doen vir sake wat nog aan die kom is.
Ons finansiële sake het ook al baie verbeter deur versigtige beplanning en bestuur, die delging van al ons skuld en veral ook julle selflose finansiële offers. Ons sê werklik baie dankie vir elkeen wat met graag 'n finansiële bydrae maak om Trinitas op en uit te bou! *Hoe groot of klein ook al*. Ons is opgewonde oor die toekoms.
Daar is egter nog baie ruimte vir verbetering t.o.v. bydraes om die verantwoordelikhede van ons lopende koste te dek. As voorbeeld noem ons dat slegs 67% van ons hoegenaamd iets bydra! Daar is sekerlik verskillende redes hiervoor waaraan elkeen sal moet werk. Een van die oplossings wat ons voorstel, is om jaarliks 'n Oktober Dankoffer in te stel. Die doel van die Oktober Dankoffer is om 'n fokusmaand te hê vir:

- Lidmate wat dit dalk beter sou vind om eenmaal jaarliks 'n bydrae te maak vanweë hulle eie finansiële sake.
- Lidmate wat vanweë die Here se besondere seëning 'n ekstra bydrae

wil maak, bo en behalwe hulle maandelikse bydrae.
- Lidmate wat besef dat hulle dalk hierdie saak uit die sig verloor het en hierdeur opgeskerp kan word met 'n maklike geleentheid.

Onthou dat ons ook in geloof besluit het om 10% van elke maand se surplus op die begroting eenkant te plaas vir spesiale uitreikprojekte na ons gemeenskap – bo en behalwe wat reeds gedoen word. Ons wil dus nie net gelykbreek nie ... Jesus roep ons om te groei!
Jy kan ook spesiaal hiertoe bydrae deur 'n inbetaling te oormerk vir 'Uitreikfonds'. Oktober is daarom ons fokus-maand, maar bydraes vir die Oktober Dankoffer kan enige tyd gemaak word soos wat dit vir jou moontlik word. Ons sal ook deurlopend in die nuusbrief mekaar op hoogte hou hoe dit verloop. Ons mikpunt vir 2016 is R215 000. Merk jou bydrae eenvoudig "Oktober Dankoffer".
Dankie dat ons saam hande kan vat om die unieke geleenthede van Trinitas vas te gryp! Pieter Janeke, Finansies

TEESKINK
Vanoggend skink Elize du Plessis se groepie. Sondag 30 Oktober skink Jorien Duminy se groepie. Gretha van Wyk ☎0764688963 is die sameroeper van die diensgroep.

PLEK OM JOU FAMILIE TE DIEN ...
As jy graag Sondae wil help teeskink en nog nie by 'n groep ingeskakel het nie, is jy baie welkom! Skryf asb. jou naam in die saal op die Teeskink-diensgroepplakkaat. Indien jy deel was van 'n groep wat ontbind het, kan jy ook jou naam opskryf. Ons sal jou by 'n nuwe groep indeel.
Groete: Teeskink-diensgroep.

BEGRAFNIS-DIENSGROEP GROEI!
Baie dankie aan elkeen wat by die Begrafnis-diensgroep aangesluit het na ons oproep tot hulp. Dankie vir die mooi reaksie en bereidwilligheid om te help! Die diensgroep het meer as verdubbel en daar is beslis ruimte vir nog groei. Kom sit gerus jou naam in die saal op om te help. So dien ons mekaar met Christus se liefde.
Groete: Begrafnis-diensgroep

MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)
Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennis-gewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING
Ons is baie opgewonde oor die ouers wat hulle kinders stuur om die begeleiding by te woon tydens die proeftydperk! Ons gee graag terugvoer oor 'n paar tussentydse aanpassings wat ons glo dit nog meer effektief sal maak. Van hierdie kwartaal af gaan die kinders in drie ouderdoms-groepe verdeel: 3-5jr, 6-7jr, 8-10jr.
Ons gaan met die twee jonger groepe eers fokus op die Bybelverhale. Dit gee hulle 'n basis om later meer uit die preke en die jeugkleingroepe te kan put. Hiervoor gaan 'n uitgewerkte lesplan gevolg word. Die 8-10 jariges hanteer die betrokke Sondag se preek wat na hulle vlak verwerk is. Die kinders sal tydens die liefdegawe weer by die erediens aansluit. Ons benodig verder meer mense om te

help! Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens met Corrie Botha of Petra Tromp kom gesels, ons sal voor in die kerkgebou beskikbaar wees. Indien enige ouer verdere vrae het, of enige bydrae wil lewer, kontak gerus vir Petra Tromp ☎0823316151.

KLEUTERKERK

Met die implimentering van die Kinder-erediensbegeleiding, is daar 'n besluit geneem om die voorskoolse katkisasie (kleuterkerk) wat gewoonlik na die erediens, tydens jeugbediening, plaasgevind het vir eers te stop tot verdere kennisgewing. Indien daar enige kommentaar op die besluit is, kan dit met Corrie Botha ☎0833047680 bespreek word.

Ons benodig nog vier persone om volgende jaar te help met jeugbediening. Kontak André ☎0828592186 of Rochelle Moolman ☎0824544147 indien jy belangstel.

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag, 18 September:

Graad 1 – 3

EENHEID 6: GOD HELP MY

God se krag beskerm en help my

Les 25: God sorg vir sy mense

EENHEID 7: LEER OOR GOD

Om God se karakter te ken, help my elke dag

Les 26: Ragab glo in God

Les 27: God stop 'n rivier

Les 28: 'n Muur val inmekaar

Les 29: Joshua word mislei

Les 30: God maak 'n dag langer

Graad 4 – 6

EENHEID 6: MOSES LEI DIE ISRAELIETE

God se krag beskerm en help my as ek bang is

Les 25: Die Rooi See

EENHEID 7: DIE ISRAELIETE REIS DEUR DIE W0ESTYN

Om God te leer ken, kan my help in my aksies elke dag en my verhouding met ander

Les 26: Water uit 'n rots

Les 27: God gee tien reëls

Les 28: Aäron bou 'n goue kalf

Les 29: Die tabernakel

Les 30: Die koperslang

Graad 7 - 9

EENHEID 4: LEËRINGE VAN JESUS

Vertikaal – Ons verhouding met God

Les 21: Geskenk deur God – Die talente

EENHEID 4: LEËRINGE VAN JESUS :

Horisontaal – Ons verhouding met ander

Les 22: Ons lewe in geloof

Sout en lig

Les 23: Vergifnis – die omgewingsgesinde dienskneg

Les 24: Diens – die skape en bokke

Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)

HK SONDAG 28 – 30: Verlossing (Sakramente)

Belangrik om te onthou, is dat die graad 7 jeug van 2016 af ook sal deel vorm van die hoërskooljeug en daarom ook in die middae jeugkleingroep sal hê en nie meer Sondagoggende nie. ***Neem kennis dat jeugkleingroepe vir Graad 7 – 12 Sondae***

***om 16:30 sal plaasvind**. Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aanddiens.*

Die HELPER

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144.

VERSPREIDING VAN KLERE
Lidmate wat wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang, kan Oom Faan en Tannie Jakkie Coetzee kontak ☎0829243284.

KRUIDENIERSWARE BENODIG
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy van die volgende items aankoop (plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis): **Tandeborsels, konfyt, soja-maalvleis asook koekies en lekkers om voor te berei vir Kersfees-kospakkies. (Plaas bydraes in die houer in die saal.)** Jolani Lourens ☎0823359586.

PROJEK – GROEIPYNE
Trinitas-familie het 'n probleem waaroor ons baie bly is! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite op die terrein benodig ons ekstra stoorplek sodat ons die bestaande lokale doelgerig kan gebruik. As spesiale projek wil ons graag 'n skeepsvraghouer (*container*) aankoop sodat hierdie momentum nie gekeer word nie. Die koste beloop ongeveer R25 000. Bydraes hiervoor, groot of klein, kan gemaak word in ons lopende rekening. Merk dit asb. as 'Groeipyne'.

TV-SKERM BENODIG
Die Toekomsspan is tans besig met 'n inligtingstoonbank vir die saal. 'n TV-skerm word benodig. Die skerm gaan gemeente-inligting, asook die ou gemeentefoto's vertoon. Dit vorm dus ook deel van die Fotoprojek. Enige skenkings uit die gemeente sal waardeer word om dit moontlik te maak. Die koste beloop R4 000 vir 40"LED TV skerm, met USB en HDMI poorte. Kontak Hardus Visser ☎0828215642.



DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035, Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

TOELIGTINGSGELEENTHEDE – 4e KWARTAAL
6 Nov. - Bekendstelling van die werk van die Gideons van S.A.
20 Nov. - Kerkplanting in Vereeniging
Kontak Gert Visser ☎0834491036

HERVORMINGSFEES, 30 OKT.
Op Sondag, 30 Oktober, word daar 'n Hervormingsfees aangebied by die kerkgebou van die Geref. Kerk Vereeniging. Aangesien gemeente- en psalmgesang tydens die Hervorming so 'n groot rol gespeel het, begin die verrigtinge reeds om 15:30 met 'n Psalmfees - met samesang, solo's en voorlesings. Na 'n kort tussenpouse sal die aanderediens om 18:00 begin. Tydens die aanddiens sal die nagmaal ook gevier word. Hiervoor hoef lidmate van die gereformeerde kerke nie spesiaal aansoek te doen nie. Daar sal dus op 30 Oktober geen aandbyeenkoms by ons eie kerkgebou plaasvind nie en ons vra dat julle asb. hierdie inisiatief van Vereeniging sal ondersteun.
Pieter van Helden ☎0839694472.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR OKTOBER

- 27 Okt. Lentetee vir bejaardes bo 70
- 28-30 Okt. Manne- en seunskamp
- 30 Okt. Hervormingsondag

GKSA NUUS.

BEROEPE ONTVANG
Proponent W Brotherton (Werner) na Vryheid.

BEROEPE BEDANK
Dr. JA Erasmus (Jannie) van Odendaalsrus na Rustenburg.

OP DIE KENNISGEWINGBORD
- Geopende Deure
- FEBA Radio Nuusbrief
- GK Jeugkantoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- Frankfort Riviertoer 30 Nov - 4 Des.
- GK Brooklyn Eerstejaarskamp 2017
- GK Cachet Eerstejaarskamp 2017
- GK Stellenbosch Eerstejaarskamp 2017
- Songs of Praise, Kersfees 2016, 4 Des.
- Magalies Spesiale Skool Kersmark

KRUISPAD
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

WERKSOEKENDES
(Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief).
- 'n Grondslagfase (Gr. R – Gr. 3) onderwyspos word benodig in Sasolburg, Vaalpark, Vereeniging of Vanderbijlpark.

Kontak vir Griffel ☎0823543726 indien jy weet van iets.

- Graad 8 Wiskunde klasse. R150 per uur.

Elizma Powell ☎0792904140.

TRINITAS-BOEK-HOEK
Franciska vd Merwe ☎0827818032.

BYBELS EN PSALMBOEKE
Maak gerus gebruik van die Bybels en Psalmboeke in die voorportaal.

INLIGTING VIR NUUSBRIEF
Alle artikels vir die nuusbrief moet asb. voor Donderdae 12:00 by die kerkkantoor wees, sodat finale wysiging en taalversorging kan plaasvind voordat dit Vrydagoggend afgerol word.

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
Kerkkantoortye: Ma. tot Do.
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)
Skriba: Gerrit van Wyk 0823328550
Kosters: Elsa Prinsloo 0794778699
Theuns Odendaal 0832561387
Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark
Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449
Predikant: Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
e-pos: griffel@gktrinitas.co.za



Kontakpersoon: Gert Visser
☎0834491036

Trinitas Herwinningsprojek

GK Trinitas se herwinningsprojek is al sedert Januarie 2010 aan die gang. Dit gee aan ons die geleentheid om iets prakties te doen om die skepping te bewaar (die uitlewing van ons skeppingsopdrag in Genesis 1 & 2). Hierdie projek is daarop gerig om praktiese uiting te gee aan die gemeente se vierde missiepunt: "terwyl ons God se openbaring in die skepping bewaar". Alhoewel die herwinningsprojek nie die enigste manier is om dit uit te leef nie, is dit die enigste formele gemeenteaktiwiteit wat tans enigsins hierop gerig is.

Ons as gelowiges wil graag die skepping bewaar, aangesien dit aan ons Vader behoort, dit deur Hom "goed" geskep is en ons leer Hom daardeur ken (vergelyk NGB Artikel 2). Daar is regoor die wêreld 'n groot oplewing in omgewingsbewustheid en -bewaringgerigtheid. Alhoewel die wêreldse fokus net is om dit "vir die nageslag te bewaar" en hulle dus nie dieselfde fokus as ons hier rondom het nie, gee 'n projek soos hierdie vir ons 'n kontakvlak en 'n geleentheid tot getuienis.

Hoe werk dit?

Op die parkeerterrein, agter die katkisasielokale, is daar 'n area agter 'n muurtjie met 10 dromme en 'n blou Nampak houer waarin verskillende herwinbare items geplaas kan word. *DJ Waste* kom laai hierdie items op wanneer die houers vol is. Sakke met herwinbare items kan Maandae tot Vrydae tydens kantoorure, of Sondae voor of na eredienste by die herwinningsarea afgelaai word. Items hoef nie gesorteer te word nie. Jy is welkom om net jou sakke met die herwinbare items agter die muurtjie te plaas. Sara, die gemeente se skoonmaker, sal dit verder uitsorteer.

Die volgende items kan gerus kerk toe gebring word om herwin te word:

Karton en kartonbokse

Koeldrankblikkies en ander blikke

Plastiek: * skoon/deursigtig met geen handelsmerke bv. broodsakkies
* gemeng/gekleurd met geen handelsmerke bv. swartsakke
* stoele, tafels, kratte, proppies

Papier: * wit kantoorpapier (*office white*)
* koerante
* tydskrifte

Glasbottels en glase (geen vensterruitglas of motorruitglas)

Plastiekbottels: * deursigtig, bv. Coke-bottels
* groen, bv. Sprite-bottels
* bruin, bv. Stoney-bottels
* ander houers bv. melkbottels (spoel asb. melkbottels uit)

'n Vriendelike beroep

* Ons vra julle om asb. nie vullissakke met enige items wat nie op die bogenoemde lys is by die kerk af te laai nie.

* Verder vra ons ook dat sakke asb. nie voor die hek of op enige ander plek afgelaai moet word behalwe by die herwinningsarea nie. Indien jy nie jou sakke tydens kantoorure of Sondae kerk toe kan bring nie, kan Maureen van Helden (0823922093) gekontak word om 'n ander reëling te tref.

Baie dankie vir jou deelname aan hierdie projek. Kontak gerus vir Maureen indien jy wil help hiermee of enige verdere navrae hieroor het.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Dawid en Goliat (1 Samuel 17:8-10 en 45-46)